



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIOR SERTIFIKAAT/
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

NOVEMBER 2020

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: INSLUITING EN WAAGMANSKAP: DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskrif van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

VRAAG 1: HOE HET DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's TOT KOUE OORLOG-SPANNING IN KUBA BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

- 1.1.1 Waarom, volgens die bron, het Castro 'n noue verhouding met Khrushchev gehad? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Definieer die konsep *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Verduidelik wat geïmpliseer word met die stelling, 'Khrushchev en die Sowjetunie kon nie vir 'n bondgenoot teen die Verenigde State van Amerika (VSA), wat beter geleë was, gevra het nie', in die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Wat, volgens die bron, was die uitkoms van die geveg by die Bay of Pigs vir die volgende lande:
- (a) Die VSA (1 x 1) (1)
- (b) Kuba (1 x 1) (1)

1.2 Lees Bron 1B.

- 1.2.1 Watter hulpbronne, volgens die bron, het Khrushchev aan Kuba verskaf? (2 x 1) (2)
- 1.2.2 Verduidelik waarom Khrushchev verklaar het dat 'die wapens en militêre toerusting wat na Kuba gestuur is, is uitsluitlik vir verdedigingsdoeleindes ontwerp'. (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Lewer kommentaar op wat Khrushchev geïmpliseer het met die stelling, 'Dreigemente en afpersing is 'n integrale deel van die imperialistiese state' in die konteks van die Koue Oorlog in Kuba. (2 x 2) (4)

- 1.3 Bestudeer Bron 1C.
- 1.3.1 Waarom, volgens die bron, was Kennedy bekommerd oor die Sowjetunie se teenwoordigheid in Kuba? (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Verduidelik wat jy dink Kennedy aangespoor het om die Amerikaanse publiek oor die ontplooiing van Sowjet militêre toerusting na Kuba in te lig. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 Haal VIER uitdagings uit die bron aan wat kommunisme vir die wêreld ingehou het. (4 x 1) (4)
- 1.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die Kubaanse Missielkrisis navors. (2 x 2) (4)
- 1.4 Raadpleeg Bron 1D.
- 1.4.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie artikel op die voorblad van *The Arizona Republic* verskyn het. (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Lewer kommentaar op die koeranthoofopskrif, 'AMERIKA BLOKKEER KUBA, SÊ VIR RUSS OM "OP TE HOU" ' in die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (2 x 2) (4)
- 1.5 Verwys na Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D met betrekking tot Kennedy se reaksie op die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba ondersteun. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika in die 1960's tot Koue Oorlog-spanning in Kuba bygedra het. (8) [50]

VRAAG 2: WATTER IMPAK HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALLE OP SUID-AFRIKA EN KUBA GEHAD?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

- 2.1.1 Waarom het die SAW in 1987 'n groot aanval in suid-oostelike Angola geloods, volgens die bron? (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Identifiseer TWEE militêre magte in die bron wat 'in die rigting van die Namibiese grens beweeg en Suid-Afrika se terugtoglyn (aftoglyn) afgesny' het. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom die SAW se lugvleuel nie die Kubaanse lugmag kon verslaan nie. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

- 2.2.1 Noem DRIE redes in die bron wat Suid-Afrika aangespoor het om Cuito Cuanavale te verlaat. (3 x 1) (3)
- 2.2.2 Wie, volgens die bron, was gedurende die Slag van Cuito Cuanavale die leier van Suid-Afrika? (1 x 1) (1)
- 2.2.3 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die President van Suid-Afrika en sy adviseurs 'n wapenstilstand aanvaar het. (2 x 1) (2)
- 2.2.4 Verduidelik wat jy dink deur die stelling 'Crocker se lang stryd was verby, sy doel om vir 'n streeksvredesooreenkoms te onderhandel, is uiteindelik verwesenlik' in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

- 2.3.1 Watter TWEE kwessies, volgens die bron, is ten nouste verbind met die vrede en veiligheid van die suid-westelike streek van Afrika? (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Definieer die konsep *onafhanklikheid* in die konteks van Angola. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Verduidelik wat Oliva geïmpliseer het met die stelling, 'die Kubaanse militêre afvaardiging, ... hulle internasionale missie suksesvol uitgevoer het'. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Lewer kommentaar op die rol wat die Verenigde Volkeorganisasie gedurende die vredesonderhandelings in Angola gespeel het. (2 x 2) (4)

- 2.4 Gebruik Bron 2D.
- 2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. (2 x 2) (4)
- 2.4.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale navors. (2 x 2) (4)
- 2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D met betrekking tot Kuba se rol in die Angolese Burgeroorlog ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak wat die Slag van Cuito Cuanavale op Suid-Afrika gehad het, verduidelik. (8) **[50]**



VRAAG 3: WATTER PROGRAMME HET DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEÏMPLIMENTEER?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

- 3.1.1 Noem DRIE gemeenskapsprogramme in die bron wat die Black Panther-party vir swart Amerikaners gereël het. (3 x 1) (3)
- 3.1.2 Wat, volgens die bron, was die TWEE strategieë wat die Black Panther-party gebruik het om behoeftige swart Amerikaners te help? (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Verduidelik wat die Black Panther-party geïmpliseer het met 'n hervormingsprogram word deur die huidige uitbuitstelsel saamgestel as 'n versoeningsoffer om die mense 'n rat voor die oë te draai en om hulle stil te hou ...'. (2 x 2) (4)
- 3.1.4 Lewer kommentaar op die impak wat die Gratis Ontbytprogram op swart Amerikaanse kinders gehad het. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.



- 3.2.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. (2 x 2) (4)
- 3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die programme van die Black Panther-party bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3B met betrekking tot die programme van die Black Panther-party ondersteun. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3C.

- 3.4.1 Wat, volgens Ericka Huggins, moet die stad Oakland doen om die lewens van swart Amerikaners op te hef? (3 x 1) (3)
- 3.4.2 Verduidelik wat Ericka Huggins geïmpliseer het toe sy gesê het Oakland Community School 'bedien kinders wat as "opvoedkundig minderbevoorreg", "ekonomies verwaarloos" en "onopvoedbaar" bestempel word'. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Waarom, volgens die bron, is die Inter-communal Youth Institute gestig? (1 x 2) (2)

- 3.5 Gebruik Bron 3D.
- 3.5.1 Noem TWEE maniere in die bron waarop die FBI-agente die programme van die Black Panther-party vernietig het. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Definieer die konsep *swart nasionalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Black Panther-party se Skoolontbytprogram in 1975 toegelaat is om op 'n permanente basis bedryf te word. (2 x 2) (4)
- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die programme verduidelik wat die Black Panther-party in die 1960's in die Verenigde State van Amerika geïmplementeer het. (8) **[50]**



AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Voorsitter Mao Zedong het die Derde Vyfjaarplan (Kulturele Revolusie) ingestel om die uitdagings wat gewone Chinese gedurende die implementering van die Tweede Vyfjaarplan (Groot Sprong Vorentoe) ondervind het, aan te pak.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun.

[50]

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Bespreek krities die maatskaplike en ekonomiese beleide wat Mobutu Sese Seko (die Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) in hulle onderskeie lande geïmplementeer het na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960's.

[50]

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die verskillende vorme van protes deur die Burgerregtebeweging in die 1960's tot die verbetering van die lewens van gewone swart Amerikaners in die Verenigde State van Amerika gelei het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]

TOTAAL: 150